

# UITVOERENDE OPSOMMING

## Agtergrond en doel

Die Wet op Nasionale Landvervoer (WNLV) vereis dat die provinsiale lid van die Uitvoerende Raad (LUR) 'n vyfjaar Raamwerk vir Provinsiale Landvervoer (RPLV) voorberei wat elke twee jaar bygewerk word. Hierdie Raamwerk vir Wes-Kaapse Provinsiale Landvervoer (RWPLV), wat die tydperk 2024/25 – 2028/29 dek, bied 'n algemene gids tot vervoerbepanning in die Wes-Kaap om voldoening aan die WNLV te verseker.

Die raamwerk bepaal en lei alle provinsiale en munisipale besluitneming en aflewering oor landvervoer in die Wes-Kaap, insluitend vir pad- en spoorinfrastruktuur, openbare vervoer, nie-gemotoriseerde vervoer en vrag. Dit is belyd met nasionale landvervoerbeleid en, spesifiek, die Strategiese Raamwerk vir Nasionale Landvervoer (SRNLV), en funksioneer binne 'n geïntegreerde ontwikkelingsraamwerk wat die verhoudings tussen vervoer, grondgebruik, die ekonomie en die natuurlike omgewing erken.

## Visie, doelwitte en oogmerke

Die visie, doelwitte en oogmerke van die RWPLV word bepaal deur nasionale en provinsiale beleid, volhoubare vervoerbeginsels en die uitdagings en geleenthede vir vervoer in die Wes-Kaap.

**Die Wes-Kaap het 'n veilige, betroubare en volhoubare vervoerstelsel wat 'n lewendige en vooruitstrewende ekonomie ondersteun, billike en inklusiewe toegang tot geleenthede verskaf en gunstige omstandighede skep vir gesondheid, waardigheid en welstand.**

### #ConnectingCommunities

#### OOGERKE

Bereik 'n vervoermiddel ratio van 80% openbare vervoer, stap en fietsry teen 2050

Bereik 'n vragvervoer ratio van 50% teen 2050

Verwesenlik Visie Zero teen 2040

Bereik netto zero vir landvervoer teen 2050

#### DOELWITTE

**RWPLV 1** Slaan oor na 'n laekoolstofvervoerstelsel wat groei en insluiting moontlik maak

**RWPLV 2** Prioritiseer en verbeter openbare vervoer, stap en fietsry

**RWPLV 3** Verhoog die doeltreffendheid van vragvervoer

**RWPLV 4** Versnel vordering na Visie Zero

**RWPLV 5** Verminder vervoerverwante kweekhuisgasvrystellings en verbeter klimaatveerkragtigheid

**RWPLV 6** Verseker dat vervoerinfrastruktuur geskik is vir die spesifieke doel en goed onderhou word

## Huidige stand van sake, tendense en uitdagings

<p><b>Sosio- ekonomies</b></p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die bevolking van die Wes-Kaap is 7,4 miljoen. Uit hierdie bevolking woon 64% in Kaapstad.</li> <li>• Die bevolking groei baie vinnig en dit verhoog die behoefte aan vervoer.</li> <li>• Vlakke van armoede, werkloosheid en ongelykheid is baie hoog en lewenstandaarde daal soos wat die bevolkingsgroei ekonomiese ontwikkeling oortref.</li> <li>• Daar is steeds 'n baie groot behoefte aan bekostigbare vervoeropsties om toegang tot geleenthede te verkry.</li> </ul>
<p><b>Ruimtelik</b></p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Groot ruimtelike ongelykhede as gevolg van die nalatenskap van apartheid, wat vererger word deur onvolhoubare ontwikkelingspatrone in die demokratiese era.</li> <li>• Sleuteluitdagings sluit in: groot afstande tussen bevolkingsentrums en ekonomiese spilpunte, die ontwikkeling van maatskaplike behuising aan die buitewyke van die stad en stedelike verspreiding deur motorvervoer.</li> <li>• Ruimtelike eienskappe (lang afstand, lae bevolkingsdigtheid, enkelfunksionele grondgebruik) maak dit 'n uitdaging om openbare vervoer te lewer.</li> </ul>
<p><b>Persoonlike vervoer</b></p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Uiteens ongelyke vervoerstelsel – die meeste huishoudings besit nie 'n motor nie en maak gebruik van substandaard vervoer.</li> <li>• Agteruitgang van spoorvervoer en verskuiwing na laer kapasiteit vervoermiddels (motors, minibustaxi's) lei tot groter verkeerslading en vrystelling van kweekhuisgasse.</li> <li>• Die tempo van hervorming van openbare vervoer is, ten spyte van die suksesvolle implementering van Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk (IPTN)-dienste in Kaapstad en George, te stadig.</li> <li>• Metrorail-dienste herstel stadig.</li> <li>• Gevaarlike toestande vir voetgangers en fietsryers, baie hoë voorkoms van voetgangersterftes.</li> </ul>
<p><b>Vragvervoer</b></p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 60% van alle vrag en 99% van algemene vrag word per pad vervoer.</li> <li>• Versleggende werkverrigting van Transnet-hawens en vragvervoer is 'n groot ekonomiese probleem.</li> <li>• Vorderings ten opsigte van strukturele hervormings wat op nasionale vlak aangedryf word.</li> </ul>
<p><b>Padinfrastruktuur</b></p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die padnetwerk is in 'n goeie toestand, maar daar is 'n aansienlike instandhoudingsagterstand wat getakel moet word.</li> <li>• Oorlaaide vragvoertuie is grootliks verantwoordelik vir padskade.</li> </ul>
<p><b>Veiligheid en sekuriteit</b></p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Aantal padongelukke, sterfgevallen en beserings bly onaanvaarbaar hoog.</li> <li>• Kriminele vandalisme, diefstal en vernietiging van vervoerbates bly 'n probleem.</li> </ul>

<b>Regverdig oorgang en netto zero</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kweekhuisgasvrystellings van vervoer is aan die toeneem.</li> <li>• Golden Arrow Busdiens is aan die voorpunt van die oorgang na e-mobiliteit.</li> <li>• Impak van klimaatsverandering op vervoerinfrastruktuur en -dienste neem steeds toe.</li> </ul>
<b>Instellings en befondsing</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Institusionele kapasiteit is steeds 'n uitdaging binne alle regeringsvlakke.</li> <li>• Huidige fiskale beperkings is 'n geweldige uitdaging en bykomende befondsing is nodig om beter vervoerstelsels te lewer.</li> </ul>

## Voorgestelde ingrypings en projekte

Die RWPLV het 'n sektorwye fokus en 'n wye reeks belanghebbendes is verantwoordelik vir die bereiking van die doelwitte en die implementering van die inisiatiewe en aksies van die raamwerk. Die sleutelfokusareas van die nege strategieë is:

<b>Strategie vir Openbare Vervoer</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Herstel van Metrorail-dienste, insluitend die noodsaaklike sentrale lyn</li> <li>• Hervorming van minibustaxidienste en implementering van Shayela Smart</li> <li>• Lewering van Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerke in Kaapstad en George</li> <li>• Beter en bykomende openbare vervoer prioriteitsbane</li> <li>• Ontwikkeling van 'n landelike vervoeroplossing</li> </ul>
<b>Strategie vir Nie-gemotoriseerde Vervoer</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verdere ontwikkeling van stap- en fietsrynetwerke van hoë gehalte</li> <li>• Implementering van veiligheidstrategie vir Nie-gemotoriseerde Vervoer</li> </ul>
<b>Strategie vir Omgewingsvolhoubare Vervoer</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Versnelde oorgang na e-mobiliteit in openbare vervoer</li> <li>• Uitbreiding van openbare laainetwerk</li> </ul>
<b>Strategie vir Vervoerinfrastruktuur</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Instandhouding van padnetwerk</li> <li>• Belegging in beter openbare vervoerfasiliteite</li> </ul>
<b>Strategie vir Vragvervoer</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verbeterde prestasie van spoorvragvervoer en hawens</li> </ul>
<b>Strategie vir Provinsiale Vervoerbestuur</b>

- Verbeter bestuursprogramme vir reisaanvraag
- Benut die potensiaal van opkomende tegnologieë om volhoubare vervoer te lewer

#### Strategie vir Veiligheid en Sekuriteit

- Beveilig spoorbates teen diefstal, vandalisme en verwoesting
- Ontplooïing van Openbare Vervoer Wisselaar-eenheid
- Vars benadering ten opsigte van kommunikasie oor padveiligheid

#### Strategie vir Toerismevervoer

- Verbeterings aan Kaapstad Internasionale Lughawe om voorsiening te maak vir groei in toerisme

'n Begroting van R22,8 biljoen is in die 2024 Mediumtermyn-uitgaweraamwerk (MTUR) vir vervoeriniatiwe in die RWPLV toegeken. Breedvoerige inligting oor implementeringsprogramme en begrotingsimplikasies word in Hoofstuk 15 verskaf.

### Monitering

Sleutelprestasië-aanwysers (SPA's) is nodig om die stand van landvervoer in die Wes-Kaap te monitor en te meet, en om vordering te maak met die bereiking van die doelwitte wat in hierdie raamwerk uiteengesit word. Die SPA's wat vir hierdie RWPLV ontwikkel is, is bepaal deur die doelwitte en strategieë van hierdie raamwerk.